MISSIE JAPAN NUUSFLITS – JANUARIE 2016

inJapan Nuusflits: Januarie 2016

Ondersteun: maak 'n verskil

Missie Japan is 'n vrywillige geloofsaksie wat afhanklik bly van ondersteuning deur individue, groepe en gemeentes regoor die wêreld.

MAAK 'N BYDRAE

Missie Japan media

Volg op Facebook

Volg op Webtuiste

Tree vir tree ...

SO KOM ONS TUIS IN KOBE

Beste ...

Die jaar is op spoed, en daarom net kort brokkies nuus uit 'n sneeu-bedekte Kobe!

Ons is ingeskud en vind ons voete in 'n nuwe leefruimte as deel van KRTS (Kobe Reformed Theological Seminary). Tussen Kersfees en nuwejaar was daar tyd vir asem skep en kuier saam met ons mede-sendelinge, die Oliviers uit Kochi stad. Intussen is alle werk en skool aktiwiteite op volle vaart. Lees hier hoe Carina iets van haar ervaringe as tuisskolende ma beskryf.

Vir miljoene Japannese is 2016 die "Jaar van die Aap". Vir baie hou dit blykbaar besondere geluk in, en party jong mans in Kobe (6000 om presies te wees) het vir mekaar probeer hakskene wys om hulle geluk los te nael! Kliek hier vir 'n 1-minuut video oor die 400-jaar oud nuwejaars-tradisie.

Maar hoe het die meerderheid Japannese hulle nuwejaar gevier, en wat gebeur oor Kersfeestyd in Japan? Vir meer hiervoor, luister gerus na 'n kort onderhoud wat gevoer is op RSG se Sondagjoernaal.

Mag 2016 vir jou 'n geseënde en betekenisvolle jaar wees!

Vrede en vreugde,

Stéphan
(ook namens Carina, Annlie, Cornelius, Lodewyk en Stephan jnr.)